**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr | Knipsel nr |
|---|---|---|---|
| 0 0 3 5 | 8 2 7 0 2 4 2 9 7 | 0 8 6 | 1 6 5 8 5 |

Beeld Jg. 1 J Nr. ........ P. 2 J Dat. 85 10 24

# Onrus jaag eise op

EH 25

**Van Ons Kaapse Kantoor**

VERSEKERINGSEISE wat uit politieke onrus in Suid-Afrika spruit, kan vanjaar so hoog as R45 miljoen wees. Sowat R15 miljoen hiervan sal weens die beskadiging van motors wees, het mnr. Don Gallimore, voorsitter van die Sasria-kommitee van die Suid-Afrikaanse Versekeringsmakelaarsvereniging, gister in Kaapstad gesê.

Hy het gesê dat die Sasria-fonds tans sowat R250 miljoen sterk is en dat dit vanjaar met sowat R120 miljoen kan groei weens die politieke onrus wat sedert die einde van verlede jaar toegeneem het.

Wat die gewone man betref, moet hy sorg dat sy onluste-versekering in April van elke jaar hernu word.

Die jaarlikse premie is R10 vir 'n gewone passasiersmotor of motorfiets en R20 vir handelsvoertuie en huurmotors.

Ná 'n voorval waarin goedere beskadig is, moet in verbinding getree word met die makelaar wat die versekering oorspronklik gehanteer het.

Die versekerde is self verantwoordelik vir die inligting om sy eis te staaf en nie die Polisie nie, het hy gesê.

**TREFWOORDE**

1. Sasria
2. Oorsigte
3. Statistieke
4. Terugbetalings
5. Eise
6. Verliese
7. Opstande
8. Stedelike Sosiale ...
9.
10.